# Pastorale Brief oor ons Geldsake –

**Spesiale Dankoffermaand, Mei 2024**

**NG Kerk Berg-en-Dal**


Geagte gemeente,

Dit is die laaste Sondag van Mei 2024, ons Spesiale Dankoffermaand. Die Sondag vóór die Algemene Verkiesing van 2024, die Sondag aan die einde van ‘n te warm herfs. Dit is ook Drie-Eenheidsondag; ons gedenk die heerskappy van God ons Vader, Verlosser en Vertrooster. Daar is baie stof tot dankbaarheid steeds, daar is ook ons besorgdhede, daar is diegene wat hartseer beleef het – dit alles voor Sy aangesig.

Ons moet aan u skryf oor die geldsake van ons gemeente; die finansiële posisie van Berg-en-Dal ná die Covid-pandemie.

Laat ons aan die uitgawekant begin:

**UITGAWES**





**Ons begrote uitgawerekening vir 2024/2025 beloop nagenoeg R 4,5 miljoen**, en Berg-en-Dal se Kerkraad het nog altyd ‘n uiters versigtige benadering in ons finansiële bestuur gevolg sodat daar weinig afwykings aan uitgawekant toegelaat is. Alreeds in 2019 egter, het die Kerkraad besef dat ons bedieningsbehoeftes aan’t groei bly; dat die verkondiging van die Woord, die versorging van ons gemeente en lidmate, en die groeiende behoeftes aan

ondersteuning in ons eie gemeenskap en verder aan, ons uitgawerekening al groter laat word. Met ‘n baie ruim skenking wat ons net vóór die Covid-tyd ontvang het, was ons selfs in staat om nog méér hulp aan behoeftiges tydens die pandemie te bied, veral hulle wat onder die inperkinge gely het, nie kon werk, honger geword het – ons het ons hande uitgesteek na Heidedal, Torings van Hoop in die middestad en na Siësta Ouetehuis. Terselfdertyd moes ons deur die loop van 2020 ons erediensbediening aanpas en uitbrei, eers met die aanvanklike weeklikse opnames en later direkte uitsendings (met die nodige toerusting en bedryfskostes daarvan). Ons het ons jeugbediening “verjonk”, nuwe inisiatiewe daar geïmplementeer, en ook enkele groter kapitaalprojekte aangepak soos die kerksaal se dak wat vervang moes word, die uitbreidings by die Gedenktuin en die installering van sonpanele. En verder: Dit wat ons almal in hierdie tyd in ons huishoudings ervaar naamlik stygende lewenskostes (o.a. water, elektrisiteit, dienste, basiese kruideniers) plus inflasie… dít het ons óók op ons kerkwerf getref.

Gaandeweg deur die afgelope vyf jaar, het ons al meer druk op ons maandelikse kontantvloei begin beleef. Vir geruime tyd kon ons sulke tydelike tekorte uit bufferfondse dra – waaroor ons dankbaar is – maar dié ekstra’s het nou min geraak. Die Kerkraad het in 2022 besluit om al ons beleggingsfondse aan spesifieke doelwitte of uitgawerubrieke te koppel, soos ‘n Erediensfonds vir die versorging en stem van die orrel & klaviere (daarvoor die Koragiete se gereelde Koffiehuis); ‘n Getuienisfonds vir ekstra projekte of hulp in daardie bediening sou ‘n behoefte deur die jaar opduik; die Behuisingsfonds om ‘n huissubsidie vir die leraar te kan bekostig (en dus nie uit ons lopende rekening te hoef betaal nie); die Instandhoudingsfonds vir groter uitgawes aan ons geboue; ‘n Noodvoorsieningsfonds om twee maande se volle uitgawes in onvoorsiene omstandighede te kan dra. Verder het ons vanaf April 2022 eers van die Vrystaatse Sinode en sedert November 2023 ook van die Algemene Sinode van die NG Kerk, ‘n bedrag van nagenoeg R 18 000 p/m ontvang vir die tyd van ds. Jan Lubbe wat as voorsitter van dié twee sinodes deur hulle uitgekoop word.

Dit het nou nodig geword dat ons ernstig na die inkomstekant van Berg-en-Dal se lopende rekening kyk:



**Ons begrote inkomste vir die jaar 2024/2025 soos deur Kerkraad bereken, beloop nagenoeg R 4,25 miljoen**. Afgebreek na 'n bedrag per maand, sien dit as volg daar uit:

- Eredienskollekte = R 44 600 p/m (± R 11 150 per Sondag)
- Dankoffers: ACB = R 51 000 p/m (van 52 lidmate)
- Dankoffers: Bankinbetalings = R 173 000 p/m (van gemiddeld 100 lidmate p/m)
- Dankofferkoevertjies = R 1 500 p/m (van ongeveer 10 ouer lidmate)
- Ander inkomstes (rente, huur) = R 14 000 p/m (uitkooptyd VS & AlgSinode excl.)

Hieroor moet ons 'n paar verdere opmerkings maak, ten einde met 'n plan vorendag te kan kom om Berg-en-Dal op 'n volhoubare weg te help:

1) Erediensbywoning en **eredienskollektes** gaan saam, natuurlik. Lidmate wat kerk toe kom, hou nie meer kontant by hulle nie, selde op Sondae – daarom het ons die snapscan-ikoon agterop kerkbanke aangebring; jy kan nou só ook 'n eredienskollekte gee. Of, lidmate wat tuis "kerk kyk" (deur ons uitsending) en veral diegene wat vroeër getroue kerkgangers was, maar weens gesondheidsredes nie meer so gereeld kan nie òf as jy iewers ver op vakansie is – jy kan steeds aan die einde van die uitsending op die snapscan-ikoontjie wat daardie Sondag op die skerm verskyn òf op jou digitale *Fokus* wat Vrydae uitgestuur word, kliek en 'n erediens-kollekte oorbetaal. Só maklik – dankie!
   En dink bietjie daaroor: 'n R 5,00 vir "kerkgeld" in 2010, kan in 2024 véél minder doen…

2) Tel ons die aantal lidmate wat 'n **maandelikse dankoffer** gee bymekaar (dit wil sê dié lidmate wat 'n naam of verwysing by hul bankinbetaling, aftrekorder, ACB of EFT vermeld; anonieme bydraers uitgesluit), dan kom ons by nagenoeg 170 lidmate gemiddeld per maand uit. Berg-en-Dal het tans 1 271 lidmate (doop en belydend), en wat by ongeveer 550 adresse/huishoudings woon. Sou elkeen van daardie "huise" 'n ekstra R 45,00 per maand by hul dankoffer voeg (of, dié wat geen bydrae maak nie, wel slegs R 45,00) kan dit die gemeente 'n styging van R 24 750 per maand in inkomste besorg, dit is R 297 000 per jaar méér as tans – en, dit sal ons begrote tekort vir hierdie jaar in geheel kan delg! Slegs R 45 per maand méér... Ons besef, daar is lidmate wat baie swaar kry; daar ís egter ook van ons, wat twee of drie keer of vyf keer só 'n ekstra kán bekostig en kan help dra. Mag ons dus vra: Wanneer laas het u 'n effense verhoging in u dankoffer (ter wille van inflasie) oorweeg?

3) Daar is twee ekstra projekte per jaar wat ons fondse versterk, en bietjie van 'n reserwe vir die "vakansiemaande" opbou: Die Spesiale Dankoffer in Mei, en die Kermis in September. Eers oor die **Kermis**: Die Kerkraad begroot R 260 000 daarvoor vir vanjaar; dit is 6% van ons inkomstebegroting. Maar dit is 'n heerlike gesellligheid, al die voor-bereidings en die saamwerk en op die dag almal se ondersteuning – dankie daarvoor. Wil jy nie sommer al by die eerste kermiskomiteevergadering op 11 Julie kom aanmeld nie? En jou dagboek vir 13 September skoonmaak?

4) Ons is nou in Mei, ons **Spesiale Dankoffermaand**. Die Kerkraad het vir 2024 'n bedrag van R 470 000 as teiken gestel; in 2022 het ons R 340 000 ingesamel en in 2023 'n

groot bedrag van R 511 000. Tans egter staan ons opbrengs op R 198 000 – ons het nog baie ver om te gaan. As ons nie met hierdie projek naby die teikenbedrag kom nie, gaan daar vir die res van die jaar baie groot druk op ons kontantvloei wees. Ons vra dus ook hierin, u biddende oorweging.

5) En ten laaste, wat die praktiese/finansiële sy betref: Ons het twee jaar gelede ‘n skrywe aan ouer lidmate gerig met die versoek of u dit nie sou wou oorweeg om in u testament **‘n nalatenskap vir Berg-en-Dal** te oorweeg nie? Daar wás inderdaad ‘n paar van ons bejaarde Berg-en-Dallers wat positief gereageer het – baie dankie weereens aan hulle. Wat ons die afgelope paar jaar aan ekstra bedieningswerk, noodleniging of uitbreidings aan ons fasiliteite kon doen, het gebeur omdat daar van ‘n paar van ons oudlidmate (en wat heengegaan het), só ‘n skenking ingekom het. Op dié manier help ons ook die lewe van Berg-en-Dal vorentoe, selfs al sou ons nie meer hier wees nie. Kontak gerus die Kerkkantoor vir meer besonderhede oor so ‘n moontlikheid.

Met dit alles nou aan jul meegedeel, herinner ons mekaar aan die roeping van ons gemeente om **“op berge en in dale, oral voor Gods aangesig”** te leef – dit wil sê, in ons gebedslewe en kerklike sake, net soveel as in ons daaglikse werk op watter akker van Gods koninkryk ook al; en net soveel in die goeie tye op die hoogtepunte van sukses en voorspoed, as op moeiliker dae wanneer ons in dale van donkerte mag wonder oor hoe die weg vorentoe loop… Oral is ons in Sy teenwoordigheid. Hý is getrou; Hý sal ons ook hierdeur lei en die pad wys.

Baie dankie vir elkeen se meelewing in ons gemeente, en vir elke bydrae wat gemaak word.



Laat ons in ons gebede aan Berg-en-Dal en haar mense dink, soos wat ons ook vir ons land en ‘n wêreld in nood, en vir mekaar bid. Soos wat Jesus ons leer bid het:

**“En jy, wanneer jy bid, gaan na jou binneste kamer, maak jou deur toe en bid tot jou Vader wat in die verborgenheid is, en jou Vader wat in die verborgenheid sien, sal jou beloon. … As God die gras van die veld, wat vandag daar staan en môre verskroei, só klee, hoeveel te meer nie vir julle? Nee, soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en jul hemelse Vader sal vir julle alles wat nodig is, byvoeg.”**
**(Matteus 6:6 en 30-33)**

Met hartlike groete, en innige wense vir ‘n gekoesterde wintertyd, na liggaam en gees.

**Leraars en Kerkraad, NG Kerk Berg-en-Dal.**